Boodskap van die week

'n Verhaal vir 'n tyd soos hierdie….
Ons lees 'n baie interessante verhaal van 4 manne wat in 'lockdown' is agv melaatsheid. En dan word hulle desperaatheid die eerste tree wat hulle gee tot uitkoms uit hulle situasie.

Hulle leer die volgende dinge:
- In jou desperaatheid kom dikwels jou moed te voorskyn (v 3 - 4);
- Daar is oorwinning as jy jouself aan die Here oorgee (v 5 - 7);
- Jou oorvloed is gewoonlik vir ander (ook) bedoel (v 8);
- Ons moet dit aangee! (v 9).

2 Kon 7: 3 - 9

3Daar was vier melaatses by die ingang van die stadspoort. Hulle het vir mekaar gesê: "Hoekom bly ons hier tot ons doodgaan? 4As ons sou besluit ons wil in die stad ingaan, sal ons daar doodgaan, want daar is hongersnood in die stad. Bly ons hier, is ons ook dood. Kom ons loop oor na die kamp van die Arameërs toe! As hulle ons laat leef, leef ons; as hulle ons doodmaak, is ons dood!
5Skemeraand het hulle na die kamp van die Arameërs toe vertrek. Toe hulle by die kant van die kamp van die Arameërs kom, ontdek hulle dat daar niemand is nie! 6Die Here het die Arameërs in die kamp die geluid laat hoor van strydwaens, perde en 'n groot leër. Hulle het vir mekaar gesê: "Die koning van Israel het die konings van die Hetiete en van Egipte gehuur om ons aan te val."
7In die skemer het hulle op die vlug geslaan. Hulle het die hele kamp net so gelos soos dit was, tente, perde en donkies, en vir hulle lewe gevlug.
8Toe hierdie melaatses by die kant van die kamp gekom het, het hulle in 'n tent ingegaan en geëet en gedrink. Hulle het ook silwer, goud en klere daaruit gevat en dit gaan begrawe. Daarna is hulle 'n tweede tent in waaruit hulle ook goed gevat en gaan begrawe het.
9Hulle sê toe vir mekaar: "Ons maak nie reg nie. Vandag is 'n dag vir blydskap en ons bly stil! As ons wag tot ligdag, sal ons beslis gestraf word. Kom ons gaan vertel dit by die paleis van die koning."

Vrae om oor na te dink:
1. Wat maak jou vasgedruk of desperaat? Hoe laat dit jou voel?
2. 'n Mens gee net oor aan 'n vyand. God is ons Vriend, maar ons baklei onnodig teen Hom asof Hy ons vyand is. Wat moet jy aan Hom oorgee?
3. Dink aan geleenthede waar jy iets aan Hom oorgegee het, en Hy die pad vir jou gelyk gemaak het of die oorwinning laat behaal het.
4. Wat het jy (besittings, gawes, tyd ens) waar die Here nou vir jou sê: Gaan gee aan want dit is eintlik nie (net) vir jou nie?

Uitgedaag…
Ons word uitgedaag om te sien die Here stel ons aan, nie oor baie besittings nie, maar oor baie geleenthede.
Gebed: Vra dat die Here jou hart sal oopmaak om mense en geleenthede raak te sien met wie jy iets moet deel.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders…

…Want Jesus is Anders…